



Die Rooi Chinese Tart Amerikaners

Die Chinese Kommunistiese owerheid in Peking het Saterdag beslag gelê op Amerikaanse konsulêre eiendom aldaar sonder om enige ag te slaan op die protes van die Amerikaanse regering, het die departement van buitelandse sake in Washington aangekondig.

„Die Amerikaanse regering beskou hierdie optrede wat 'n skandale oortreding van sy verdragregte en van die mees elementêre standaarde van die internasionale gebruik en gedrag is, in 'n uiters ernstige lig“, lui die verklaring.

Die Amerikaners het besluit om alle staatskantore in Kommunistiese China te sluit en om alle staatsampnare terug te roep na die V.S.A.

Brittanje, wat die Chinese Kommunistiese regering reeds erken het, het ingestem om Amerikaanse belange in China te behartig wanneer die Amerikaanse amptenare die land verlaat het.

Indiër Verwerp Empire-Republiek

Sarat Chandra Bose, leier van die opposisie in Bengale, het gister 'n be-

roep op die volk van Indië gedoen om die nuwe grondwet te verwerp waarkragtens Indië op 26 Januarie 'n republiek binne die Statebond word.

„Die konstitusionele belaglikheid van 'n soewereine demokratiese republiek binne die Britse Statebond, wat net 'n ander naam is vir die Britse Ryk, kompromiteer Indië se soewereiniteit en stel sy reg van neutraliteit in gevaar“, het hy gesê.

Hy het die volk opgeroep om 'n „sosialistiese republiek te stig, vry van Britse of ander buitelandse invloede.“

Geheime Besluit Van Kommuniste

Op 'n geheime kongres wat die Kommunistiese Party van Suid-Afrika verlede week in Johannesburg gehou het, is agter geslote deure besluit om al die kragte van die party toe te spits op die vernietiging van die blanke dominasie in die land, aldus Dagbreek.

Die Kommunistiese Party beskou die organisasie van die massa om aktiewe weerstand te bied as sy sterkste wapen.

DR. MALAN SE PLANNE ALMAL VERYDEL

Wou H.N.P. Omskep In Uniale Party

Die leier van die H.N.P., dr. D. F. Malan, het die afgelope maande doelbewuste pogings aangewend om die Herenigde Nasionale Party op 'n Uniale basis te organiseer in plaas van die huidige vier provinsiale partye elk met sy eie kongres. Hierdie pogings het egter op 'n mislukking uitgeloop vanweë die teenstand wat dr. Malan uit die Noordelike provinsie ondervind het, verneem Die O.B. se verteenwoordiger in Johannesburg.

Dr. Malan het hierdie pogings aangewend omdat hy die teenstand wil oorbrug wat hy dikwels uit Transvaal ondervind wanneer hy besig is om stote op die politieke skaakbord te waag. Dit was egter uit dieselfde oord wat die H.N.P.-leier teenstand ondervind het vir sy Uniale plan omdat die Transvalers besef het dat dit 'n poging is om hulle invloed en seggenskap in te kort. Hulle weet dat hulle in 'n gesamentlike kongres die onderspit sal delf teen die meer gematigde partygenote van Kaapland en die Vrystaat.

SAMEWERKING

Terselfdertyd het dr. Malan in gedagte gehad die uitskakeling van die leierskapstryd binne sy party se geleedere deurdat samewerking met ander groepe deur so 'n stap moontlik gemaak kan word. Dr. Malan glo dat hy amalgamasie met die Afrikanerparty op een Uniale Kongres van sy party kan deurdryf maar hy weet dat hy dit nie op vier provinsiale kongresse van sy party kan doen nie. Nou weet hy egter dat hy dit gladnie kan deurdryf nie.

GESAMENTLIKE KOUKUS

Verneem word dat dr. Malan as nuwe plan voorgestel het dat mnr. N. C. Havenga, leier van die Afrikanerparty, die parlementêre leier van die Regering word om sodoende sy eie taak

ligter te maak en hom meer geleentheid vir beleidsake te gee. Hierdie plan sou egter die einde moes meebring van twee regeringskoususse in die volksraad. Dit is dadelik ingesien en derhalwe het ook hierdie plan teenstand ondervind in sekere kringe — hoewel mnr. Havenga in die verlede as parlementêre leier opgetree het in die afwesigheid van die Eerste Minister.

STRUIKELBLOK

Laasgenoemde idee het veral in onguns geraak na die gesamentlike verklaring van dr. Malan en mnr. Havenga oor die kleurlingkieserslys. Transvaalse volksraadslede sowel as voor-sitters van partytakke maak geen geheim daarvan nie dat hulle liever nou 'n einde aan die H.N.P.-A.P.-koalisie wil sien aangesien hulle meen dat mnr. Havenga se houding 'n struikelblok is in die pad van apartheid. Die Transvaler, H.N.P.-mondstuk in Transvaal, ontvang gedurig briewe van sy lesers wat beswaar maak teen die voortsetting van die koalisie. Hierdie briewe geniet voorrang in die koerant.

UITGESTEL

Hierdie ontevrede lede sal egter gedurende die aanstaande sitting van die parlement gepaai word met wetgewing vir aparte woonbuurtes en bevolkingsregistrasie.

Nadat al die planne van dr. Malan verydel is, het hy hom berus in die onvermydelike. Hy het egter die onvermydelike vir een jaar uitgestel ooreenkomstig die bepalings van die Malan-Havenga verklaring.

Die Oorlog Vir Kapitalisme

Die Hertog van Bedford in sy „Notes and Comments“ stip drie uiters belangrike feite aan in verband met die totstandkoming van die Tweede Wêreldoorlog:

1. Mnr. Chamberlain en die Britse departement van Buitelandse Sake het in 1939 teenoor Hitler onderneem om pogings in te stel om oorlog te verhoed indien Duitsland die kapitalistiese stelsel sou aanvaar.

2. Daarteenoor het Adolf Hitler ook pogings tot vermyding van oorlog beloof indien (a) Duitsland toegelaat word om haar Ruilhandel stelsel te ontwikkel; en (b) sommige kolonies aan haar teruggegee word.

3. 'n Paar jaar later het mnr. Churchill vergesel van Sir Montague Norman, goewerneur van die Bank van Engeland, vir mnr. Roosevelt op die Atlantiese Oseaan ontmoet en is ooreengekom om enduit te veg vir die behoud van die kapitalistiese stelsel.

Verskille Tussen A.P. En H.N.P. Slegs Tydelik Bygelê

Toekoms Nog Onseker

Mnr. N. C. Havenga, leier van die Afrikanerparty, het verlede week 'n reeks vergaderings in sy kiesafdeling, Ladybrand, toegesprek. Die hooftema van sy toesprake was die land se ekonomiese posisie en die stappe wat deur die regering gedoen word om die land oor die moeilikhede heen te help. Mnr. Havenga het ook verwys na sy Party se standpunt ten aansien van apartheid, na die verskille tussen die bondgenootparty, en na die onsekerheid oor die toekoms. Hy het egter ondersteuners van die A.P. en die H.N.P. aangeraai om die belangrike verskille tussen die partye tydelik te vergeet en met mekaar saam te werk in belang van die land.

„Daar is verskilpunte tussen die Nasionale Party en die Afrikanerparty oor sommige belangrike vraagstukke, maar die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, en ek het besluit om ooreen te kom oor hierdie vraagstukke en om nie hierdie verskilpunte in die onmiddellike toekoms te forseer nie“, het mnr. Havenga gesê.

WÊRELDMENING

„Hoewel die Regering nie bereid is nie om verdere politieke regte aan die nie-blankes toe te ken, wat die posisie van die blanke man in Suid-Afrika verder in gevaar sal stel, moet ons ook nie dit wegneem wat ons

gegee het nie, veral met die oog op die wêreldmening en bestaande toestande in hierdie land“, het mnr. Havenga voorts verklaar.

„Met die wêreld-mening teen ons, is dit nie verstandig of prakties, op hierdie stadium, om enige van die regte wat aan die nie-blankes gegee is, weg te neem nie.“

Dit, het hy gesê, is een van die vernaamste redes waarom hy, as leier van die Afrikanerparty en dr. Malan, as leier van die Nasionale Party, onlangs besluit het om nie die kwessie van Kleurlingstemreg op die huidige tydstip tot finaliteit te bring nie.

TOEKOMS ONSEKER

Die gesamentlike ooreenkoms tussen die Afrikanerparty en die Nasionale Party wat onlangs gepubliseer is, het baie duidelik verklaar „dat geen wetgewing betreffende die plasing van Kleurlinge op aparte kieserslyste gedurende die aanstaande parlamentsitting ingedien sal word nie“, het hy gesê.

„Die verklaring verwys spesifiek na die volgende sitting van die Parlement en ek kan nie op hierdie stadium sê watter stappe ons na die verstryking van daardie tydperk in verband met hierdie saak sal doen nie.“

„Dit hang volkome van die Eerste Minister af of hy wil voortgaan met die ooreenkoms oor hierdie vraagstuk, soos in die gesamentlike verklaring gestipuleer, en of hy verlang om dit op die een of ander tyd in die toekoms te beëindig.“

VRAE

Ten antwoord op 'n vraag of die Regering voornemens is om sy apartheidswetgewing gedurende die aanstaande parlamentsitting deur te voer, het

mnr. Havenga gesê: „Ek weet nie na watter spesifieke aspek van apartheid u verwys nie.“

'n Lid uit die gehoor: „Ek bedoel of die Kleurlinge op aparte kieserslyste geplaas gaan word?“

Mnr. Havenga: „Ek wil u graag verwys na die verklaring wat deur dr. Malan en myself uitgereik is waarin verklaar word dat hierdie vraagstuk nie gedurende die volgende sitting te berde gebring sal word nie.“

Op die vraag waarom daar besluit is om hierdie saak te vertraag, het mnr. Havenga gesê: „Die Nasionale Party en die Afrikanerparty stem nie ooreen oor sekere punte nie en een kan nie wetgewing aanneem sonder die samewerking van die ander nie.“

Op vrae wat hierdie verskilpunte is, wou mnr. Havenga nie antwoord nie.

DR. MALAN TELEURGESTEL

Na aanleiding van die vrae wat aan mnr. Havenga gestel is, skryf die Volksblad, die H.N.P.-koerant in die Vrystaat:

„Minister N. C. Havenga is gisteraand in sy kiesafdeling gevra waarom die wetgewing in verband met die plasing van die Kleurlinge op 'n aparte kieserslys vertraag word.“

„Die vraesteller het die vraag

Min. Havenga Voor Kiesers

gestel nie omdat hy nie geweet het wat die redes is nie, maar omdat hy in werklikheid uiting aan sy teleurstelling wou gee.“

„Saam met die vraesteller is daar 'n groot deel van die volk wat net so teleurgestel is. Ook dr. Malan wat bepaalde stappe in verband met die Kleurlinge in die vooruitsig gestel het, is teleurgestel.“

SAPPE IS BEKAF

Die Vaderland skryf dat die „Sappe baie bekaf is.“ Hulle het 'n „bom“ verwag en koerantmanne van die V.P.-pers was byderhand om die „bom“ oor te sein. Niks het egter gebeur nie.

Die Suiderstem meen dat mnr. Havenga se uitsprake oor land-sake anders is as dié van sy H.N.P.-kollegas in die kabinet. Die blad sê:

„Wat mnr. Havenga byvoorbeeld oor die goudmyne, oor ekonomiese sake in die algemeen, oor die regte van die nie-blankes en oor die Unie en die wêreldmening te sê het, verskil fundamenteel van die verklarings wat dr. Malan en sy ander Ministers gedurende die afgelope jare oor dieselfde sake gedoen het. Die verskil is dié tussen olie en water en hoe 'n mens hulle ook al probeer saamstel, hulle meng eenvoudig nie. Die olie dryf altyd bo en die water bly onder.“

DIE O.B., WOENSDAG, 18 JANUARIE 1950

TOEKOMSTIGE VERKIESINGS

Sedert die vroegste dae van die beweging se bestaan het die Ossewabrandwag ten aansien van sy verhouding tot mede-Afrikanerorganisasies twee eenvoudige stellings neergelê.

Die eerste: Die Afrikanervolk leef tans in die oorgangsperiode tussen die ou bedeling van vergange se dae en die nuwe bedeling wat ten volle gaan ontplooi in die tweede helfte van die twintigste eeu. Die Ossewabrandwag is die nuwe politieke organisasie van die Afrikanervolk van hierdie eeu. Die beweging is in hierdie eeu geskep en gevorm vir hierdie eeu. Dit lê die historiese taak op die Ossewabrandwag om daardie staatkundige, ekonomiese en maatskaplike hervormings teweeg te bring wat die oorgang uit die ou na die nuwe bedeling sal bewerkstellig.

BEHOUD VAN IDENTITEIT

Die tweede: Indien die Ossewabrandwag en sy lede met rus gelaat word om onbelemmerd voort te gaan met die uitvoering van hul historiese taak is dit moontlik vir individuele lede van die Ossewabrandwag om in goeie trou saam te werk met die nasionaalgesinde politieke partye van die ou bedeling ten einde by verkiesingsgeleenthede toe te sien dat die mag gegee word aan daardie politieke partye wat minder volkskadelik is as hul teenstaanders.

Maar dan moet hierdie politieke partye vanselfsprekend nie hul mag gebruik om die Ossewabrandwag te dwarsboom nie.

Hierdie twee stellings is deur die O.B.-leier pittig saamgevoeg in die aanbod: Samewerking met behoud van identiteit.

Trouens dit is op hierdie grondslag wat Afrikanersamewerking in 1941 op die eenheidskongres in Bloemfontein bewerkstellig is.

HERSTEL VAN DIE SAMEWERKING

Maar later het die Herenigde Nasionale Party 'n jaloerse vyandigheidsindien teen die opkomende Ossewabrandwag begin ontwikkel; die samewerking met die Ossewabrandwag geheel-en-al verbreek; en met toenemende onverbiddelikheid die eis gestel dat die O.B. of moet doodgaan of stom moet word.

Die O.B. het egter sy twee eenvoudige stellings gehandhaaf.

En vir heelwat jare het die O.B. sy voorligting en aksie ingerig op die herstel van die verbreekte samewerking ooreenkomstig die aanbod van samewerking met behoud van identiteit.

Die Herenigde Nasionale Party het egter die aanbod enersyds verwerp en andersyds verswyg. En dit het gelyk asof daar geen hoop is om die Afrikanersamewerking te herstel nie.

Toe het die Afrikanerparty op die toneel verskyn. Hierdie party het O.B.-lede uitgenooi tot intieme samewerking met behoud van identiteit en die party het ook 'n bondgenootskap met die Herenigde Nasionale Party aangegaan.

Nuwe hoop het opgeflakker en dit het werklik gelyk asof Afrikanersamewerking herstel gaan word via die Afrikanerparty.

HOOP VERYDEL

Hierdie hoop is egter verydel toe die Herenigde Nasionale Party vyandskap teen die O.B. ook binne die Afrikanerparty ingedra het en botweg geweier het om die O.B.-lede van die Afrikanerparty as deelgenote van die A.P.-H.N.P.-bondgenootskap te erken.

Die onhoudbare posisie het derhalwe ontstaan dat die meerderheid van die lede van die Afrikanerparty (wat ook O.B.-lede is) deur die bondgenootparty as vyande beskou en behandel word. Ongelooflik soos dit mag klink is dit tog 'n feit dat die Herenigde Nasionale Party bereid is om liever die bondgenootskap met die Afrikanerparty te vertroebel (soos in die provinsiale verkiesings gebeur het) as om met die O.B.-lede van die Afrikanerparty saam te werk.

BELEID ONWERKLIK

Hoewel die uitslae van die provinsiale verkiesings die noodsaaklikheid van Afrikanersamewerking bewys het indien verkiesingswelslae behaal wil word, en hoewel die Ossewabrandwag vir die daaropvolgende nege maande volle geleentheid aan die Herenigde Nasionale Party gegee het om sy vyandskap te staak, het die Herenigde Nasionale Party onvoorwaardelike oorgawe geëis. Ossewabrandwag delenda est!

Die tyd het derhalwe aangebreek dat die Ossewabrandwag die feit moet aanvaar dat die Herenigde Nasionale Party enige vorm van samewerking met die Ossewabrandwag weier. In die lig van hierdie weiering is dit duidelik dat die voortsetting van 'n beleid wat ingerig is op die herstel van samewerking onwerklik is en alleen tot frustrasie kan lei.

WAT NOU GEDOEN

Insoverre die Ossewabrandwag sedert 1941, en weer in 1947, toe O.B.-lede by die Afrikanerparty aangesluit het, 'n beleid gevolg het wat samewerking ten doel gehad het, moet dit erken word dat sodanige beleid misluk het—omdat niks en niemand, nie eens harde verkiesingsfeite of mnr. (vervolg in volgende kolom)

DIE VONNIS TEEN VON MANSTEIN

(Van Ons Korrespondent in Duitsland)

Die Britse Militêre Hof het die Duitse veldmaarskalk, Fritz Erich von Manstein, op 19 Desember in Hamburg skuldig bevind op nege van die sewentien aanklagte teen hom. Die 62-jarige generaal is sedertdien na die gevangenis van Werl by Hamm geneem waar ook generaals Kesselring en Falkenhorst opgesluit word.

VRYGESPREK

Von Manstein is vrygesprek op agt aanklagte en wel op klagte een tot drie, wat betrekking het op die mishandeling en moord van 'n groot aantal Poolse burgers; op klag ses wat hom tot verantwoording geroep het omdat hy Sowjetse krygsgevangenes sou gebruik het om dwangarbeid vir die Duitse weermag te verrig; op klag nege betreffende die sogenaamde „taakmagte”; op klag elf wat die verantwoordelikheid vir die misdade van die geheime polisie op hom wou plaas; op klag twaalf, vir aansporing tot onmenslike dade teen Jode; en op klag veertien vir die moord op Sowjet-burgers wat onder verdenking van 'n strafbare misdaad gestaan het.

SKULDIG BEVIND

Von Manstein is skuldig bevind op klag vier: onmenslike behandeling van krygsgevangenes; op klag vyf: doodskiet van Sowjet-hensoppers; op klag sewe: oplegging van dwangarbeid aan Sowjet-krygsgevangenes vir gevaarlike en verbode werk, wat die veldmaarskalk sou gemagtig of toegelaat het; op klag agt: die sogenaamde „kommissaris-bevel”, betreffende die bevel wat die veldmaarskalk sou gegee het om die Sowjet se politieke kommissarisse by die troepemagte dood te skiet; op klag tien: verantwoordelikheid vir die massamoorde op Jode wat die „Taak-

(vervolg van vorige kolom)

Havenga nie, die Herenigde Nasionale Party tot samewerking met die Ossewabrandwag beweeg nie.

Wat staan die O.B. onder hierdie omstandighede te doen?

Die antwoord is vanselfsprekend. Of die O.B. moet die uitvoering van sy historiese taak staak en doodgaan of die O.B. moet voortgaan om sy taak te volbring—met dankbaarheid teenoor diegene wat met hom wil saamwerk en met 'n skouerophaling vir diegene wat weier om met hom saam te werk.

VERKIESINGS

By gebrek aan samewerking met die grootste nasionaalgesinde politieke party moet die vraag pertinent gestel word: Wat gaan die O.B. by verkiesingsgeleenthede doen?

Sal die O.B. selfstandige verkiesingsaksie onderneem?

Die antwoord op hierdie vraag sal eers gegee kan word wanneer dit bekend word of die Afrikanerparty, met wie die Ossewabrandwag nog steeds hartlik saamwerk, aan O.B.-lede die geleentheid gaan bied om vir Afrikanerpartykandidate te stem by toekomstige verkiesings.

mag D” sou uitgevoer het en wat Von Manstein sou toegelaat het; op klag dertien: doodskiet van gyselaars; op klag vyftien: dwangarbeid van Sowjet-burgers vir Duitse militêre dienste; op klag sestien: deportasie van Sowjet-burgers vir arbeid buitekant hul land; en op klag sewentien: uitvoering van die bevel insake „geskroeiende aarde” by die terugtog uit Sowjet-Rusland.

POLISIEVERSTERKINGS

Op die dag wat Von Manstein gevonnissen sou word, het lang rye belangstellendes voor die hofsaal toegestaan vir 'n plek in die saal. Polisieversterkings is aangebring om die menigte te beheer. Toe die 62-jarige veldmaarskalk die hofsaal binnekom het hy met 'n glimlag vir sy vrou geknik en toe sy plek in die beskuldigdebank ingeneem. „Drie, hoogstens vier jaar”, het die aanwesiges onder mekaar gegis oor die vonnis. Toe het dit meteens doodstil geword in die hofsaal. Die oomblik het aangebreek dat Engeland vonnis sou fel oor die „bekwaamste Duitse generaal” (soos die Engelse militêre deskundige en skrywer Liddle Hart vir Von Manstein genoem het) en oor sy veldtog teen Sowjet-Rusland. Von Manstein het opgestaan; die koptelefoon aan sy regteroor gehou terwyl sy gewonde linkerarm onbeweeglik langs sy sy gehang het. Beheersd en kalm het hy die vonnis aangehoor wat deur luit.-genl. Simpson voorgelees is. Nadat die vonnis gesprek is, het die polisie wag hom beduie om die hofsaal te verlaat. By die deur het die generaal eenkeer omgekyk, sy starre blik vir enkele oomblikke op sy vrou gevestig, en toe verdwyn.

OORLOG SONDER WET

Dit was die Britse generaal Montgomery, wat eenkeer die sarkastiese opmerking gemaak het dat 'n generaal in die toekoms nie meer kan bekostig om 'n oorlog te verloor nie, want dan loop hy gevaar om as misdadiger opgehang te word. Dit was sy onderskikte, luit.-genl. Simpson, wat in die Hamburgse Hofsaal, met die vonnis teen Von Manstein sy hoër offisier se opmerking grillig bevestig het. Hierdie vonnis het hoege-

naamd geen rekening gehou met die stelling van die verdediging nie dat handhawing van die „volkereg” in 'n oorlog teen Sowjet Rusland totaal onmoontlik is. In die vonnis het die teorie getriomfeer oor die werklikheid wat Von Manstein en die Duitse soldate, aan eie lyf, in hul veldtog teen Sowjet-Rusland ondervind het. En nie net hulle nie, maar ook die dui-sende krygsgevangenes in Sowjet-Rusland en die menigte vlugtelingen uit die Ooste. Hulle almal kan getuig van die afskuwelike metodes wat die kommuniste selfs teen vrouens en kinders gebruik in oorlog en in vrede.

Wat sou die Britse generaals, in 'n oorlog teen Rusland, gedoen het as hulle, soos Von Manstein, moes kies tussen die teorie van die „volkereg” en die werklikheid van Sowjet-Russiese oorlogvoering sonder wet? In Hamburg het dit maar net gegaan oor die lot van een bejaarde Duitse generaal; nie oor die lot van die Britse leër nie—ten minste nog nie!

GESKROEIDE AARDE

Dit is opvallend dat die buitelandse pers weinig aandag geskenk het aan die sewentiende klag teen Von Manstein: uitvoering van die bevel geskroeiende aarde. Dit is amper nie eers genoem nie. Dit is egter verstaanbaar want niemand wil immers aan die geskroeiende aarde van Duitsland herinner word nie—veral nie aan Dresden nie, waar binne enkele ure, nie een militêre doel nie, maar 'n fraai ou kultuurstad van honderdduisende mense—waaronder duisende vlugtelingen uit die Ooste—in puin gelê is en die vlamme ten prooi gegee is.

As die oorwinnaars hoop dat hul vonnisse Duitsers geleer het om in terme van reg en van volkereg te dink, dan is hul hoop miskien nie beskaamd nie. Want so ver verwyder van reg en van volkereg is die vonnisse van Neurenberg en Hamburg dat dit by die Duitsers 'n hunkering na reg en volkereg opgewek het. Die Engelsman Paget, die verdediger van Von Manstein het daaromtrent gesê: „Dergelike vonnisse, soos wat in Neurenberg gefel is, het met die volkereg niks te doen nie, omdat dit slegs op die verloorder van toepassing is.”

Die Parlement Open Sal Daar Botter-en-Brood Wetgewing Wees?

Die derde sitting van die tiende parlement van die Unie van Suid-Afrika sal Vrydag, 20 Januarie, amptelik deur die Goewerneur-generaal geopen word.

In die troonrede sal die Goewerneur-Generaal aanstip wat die wetgewende voornemens is van die regering; en in die gebruiklike wantroue-mosie van die Opposisieleier sal die alternatiewe regering sy voortrefliker voornemens bekendmaak.

Die regering gaan, volgens voorlopige aankondigings, wetgewing indien om volksregistrasie te bewerkstellig; en om die woonbuurtes van blank en nie-blank te skei; en om 'n nuwe vakansierooster vas te stel. Dit vorm glo die hoofdis van die sitting se wetgewing.

Daar is egter geen voorlopige aanduiding deur die betrokke ministers of hul amptenare gegee dat wetgewing ingedien sal word om eerstens, die stygende lewenskoste te verlaag nie; tweedens, om plaasvervangers

te verskaf vir die skaars en onverkrygbare noodsaaklike artikels wat vinnig van die kos- en kleremark verdwyn; derdens, om dreigende werkloosheid weens invoerbeheer te bekamp nie; vierdens, om

In kort geen wetgewing is nog in vooruitsig gestel wat te doen het met die ekonomiese bestuur van die land nie.

Hierdie sitting gaan oënskynlik, net soos die twee vorige sittings, 'n partypolitieke sitting wees instede van 'n botter-en-brood sitting.

In sy wantroue-mosie gaan die Opposisieleier, volgens berigte, ook met die partypolitiek kwansel. Hy gaan glo die regering vra om te bedank omdat daar fundamentele meningsverskille bestaan tussen die twee partye van die koalisieregering.

Ander Se Menings

Beheer Maak Ons Volk Dood

„Dit word tyd dat ons as volk besef dat rantsoenering (of die kwota-stelsel) op die „status-quo“-basis 'n kniehalter om die been van Afrikanersake is wat so gou as moontlik losgemaak moet word,” skryf TEGNIEK, die nuwe Afrikaanse Nywerheidsblad.

In 'n belangwekkende artikel ontleed 'n medewerker van die blad die wyse waarop rantsoenering of beheer tot dusver toegepas is. Hy sê o.m.:

„Daar is eenvoudig 'n basiese tydperk' uitgesoek waarin die betrokke ondernemings se verbruik vasgestel is en dan is hulle vasgepen op daardie hoeveelheid. As die goedere nog skaars word, is elkeen na verhouding besnoei met dieselfde persentasie. As die goedere ietwat meer volop word, is aan elkeen dieselfde persentasie vermeerdering toegestaan. Nuwe sake is eenvoudig nie toegelaat nie.

„Algemeenlik is dit baie duidelik dat die eenvoudige „status quo“-stelsel wel gebruik kan word vir rantsoenering oor heel kort tydperke, maar sodra die tydperk enigins in jare loop, moet 'n billiker stelsel aangewend word wat ruimte laat vir ontwikkeling en kompetisie. Anders sal gevestigde besighede klaarblyklik niks doen om hulle prosesse te verbeter en selfs nie eens moeite doen om tekorte te probeer uitkakel nie. Hulle kan immers lonend sake doen deur hulle kwotas regstreeks of onregstreeks aan andere te verkansel en in die algemeen hulle beveiligde posisie uit te buit.

UITLANDERS BESKERM

„Die feit dat langdurige rantsoenering op 'n vaspenbasis monopolieë in die hand werk, aanleiding gee tot 'n swartmark in kwotas en dergelike algemeen-bekende nadele word egter in Suid-Afrika oortref deur 'n ander ernstiger gevaar van nasionale aard: In byna alle gevalle is die gevestigde belange in die hande van uitlanders terwyl die opkomende sake in die hande van Afrikaners is. Nie alleen is dit die posisie van Afrikaanssprekendes nie; maar dit geld ook vir Engelssprekende Afrikaners teenoor uitlanders, want in byna alle gevalle was die eerste maatskappye om fabriek op te rig en groot handelshuise te stig, van uitlandse oorsprong. Deur dus die gevestigde belange 'n beskermende posisie te gee, is die Staat besig om uitlanders te beskerm ten koste van die ontwikkeling van besighede van die landsburgers.”

WAAR MOET ONS

KINDERS GAAN

WERK?

'n Ander medewerker van TEGNIEK verklaar dat daar Afrikanersake moet wees wat 'n heenkome kan bied aan die duisende Afrikanerseuns en -dogters wat jaarliks die skool verlaat. Indien sodanige sake nie kan bestaan en uitbrei nie, wat gaan dan word van die kinders van ons volk. Hy rede-neer:

„Volgens die jongste sensus-syfer verlaat daar nou elke jaar 'n 40,000-tal blankes die skole waarvan 2 uit elke 3 Afrikaanssprekend is.

„Daarom is dit so noodsaaklik dat ons ook eie besighede sal hê waar ons seuns en dogters 'n heenkome kan vind.

„Maar wat vind ons nou? Ons eie sake word gekniehalter deur kontroles wat hul bestaan feitlik onmoontlik maak. Die posisie in die stede is veel ernstiger as ons maar besef.

„Ek het dit vir 'n plattelandse

dorp, Stellenbosch, nagegaan en was geskok oor die gebrek aan moontlikhede. 'n Mens kan van die een kant na die ander van die dorp gaan en bedrywe neerskryf wat feitlik permanent vir 'n jongman gesluit is.

DEUR IS TOE

„'n Bakkery: Jammer nee, onderhewig aan 'n kwota meel.

„'n Slagtersaak: Jammer nee, onderhewig aan die verkryging van vleiskwotas.

„'n Garage: Jammer nee, onderhewig aan die verkryging van petrolpompe.

„'n Meule: Jammer nee, onderhewig aan die verkryging van regte tot maal.

„'n Hotel: Jammer nee, onderhewig aan beperkende lisensies onder kwota.

„'n Drankwinkel: Jammer nee, die ander was voor jou—onderhewig aan 'n beperkende kwota.

„'n Steenkoolhandelaar: Het jy verlot van Coal Owners?

„'n Bioskoop: Maar weet jy nie 'n mens benodig vertoon-regte nie?

„'n Ekonomie van kontrole kan nog deug in 'n ou land soos Engeland waar die bevolking nie meer aanwas nie: die aantal bakkers, die aantal slagters, bly dieselfde en seun volg vader op. In Suid-Afrika met ons steeds stygende bevolking, kan dieselfde doodeenvoudig nie geld nie. Kontrole hier verseker steeds uitbreidende klandisie aan 'n beperkte getal. Daarom dat die klandisiewaarde van sommige klein meulens vandag reeds 'n £80,000 kan beloop, dat slagters en bakkers klandisiewaardes soos drankwinkels besit. Die prys hiervoor word deur diegene wat die dorpe en stede betrek, betaal.”

BEHEER BEGUNSTIG

GEVESTIGDE

BELANGE

Mnr. Dirk Hertzog skryf in Volkshandel, orgaan van die Afrikaanse Handelsinstituut, dat die Afrikaner beheermaatreëls moet weer op al die terreine waar hy nog nie gevestig is nie. Hy betoog:

„Enige vorm van beheer werk altyd ten gunste van die gevestigde belange op daardie besondere terrein. Die stelling is heel eenvoudig en as mens ook maar net effens daaroor nadink is dit al duidelik dat dit waar is. Maar as mens bietjie verder nadink volg daaruit 'n uiters belangrike afleiding: Beheermaatreëls op terreine waar die Afrikaner goed gevestig is, is vir hom voordelig—ten minste moontlikwyse—maar beheermaatreëls op terreine waar die Afrikaner nog buite staan is rampspoedig. Dit sluit die hek in sy gesig, of, as hy reeds in die kamp is, kniehalter dit hom.

DIE AFRIKANER AAN KORTSTE END

„Beheermaatreëls is byna op 'n „status quo“-basis. Dit handhaaf eenvoudig die bestaande toestand van sake. Enige ander vorm van rantsoenering, kwotas, permitte, lisensies, of wat die besondere vorm van beheer ook al mag wees, is moeilik uitvoerbaar. As 'n mens eenmaal lewe mag jy nie vermoor word nie; as jy eenmaal 'n werk het word jy nie maklik ontslaan nie; as jy eenmaal 'n lisensie of kwota het word dit nie maklik ontnem of verminder nie. Die onvermydelike gevolg is dat die wat nog nie het nie ook nie kan kry nie . . . en op byna al die terreine van die sake- en bedryfswêre is dit die Afrikaner wat buite staan en nie het nie. Op die paar plekke waar hy 'n klein vastrapplekkie

verower het, is dit maar nog so klein dat dit vir die volk as geheel niks sal baat tensy dit verder uitgebrei word nie.”

„Die les wat ons hieruit behoort te leer is dat ons enige beheermaatreëls moet weer op terreine waar die Afrikaner nog nie gevestig nie. As boere moet registreer, of staatsamp-tenare eksamens moet aflê vir promosie, dan het ons nie veel daarvan te vrees nie want op albei terreine is daar 'n billike persentasie Afrikaners reeds gevestig; maar kom dit by handel en nywerheid moet ons kontroles vermy net so lank as moontlik, en as hulle tydelik absoluut onvermydelik is, moet ons hulle weer laat vaar sodra dit kan.”

MOENIE VIR 'N

PARTY WEES NIE

„Mag die nuwe jaar, wat die tweede helfte van die eeu inlui, 'n nuwe gesindheid meebring sodat van elkeen gesê kan word, in belang van almal: Niemand is vir 'n Party nie, maar almal is vir die Staat,” aldus skryf die South African News Review.

„Moontlik is dit maar net 'n droom om te dink aan die dag wanneer die parlementêre stelsel 'n kabinet sal uitstoot wat altyd uit verteenwoordigers van al die partye sal bestaan, en wat sal optree in belang van die hele gemeenskap. Dan kan die parlement beraadslaag en die kabinet kan gebruik maak van die beste bydraes van elke party.

„Dit is egter byna seker dat die partystelsel, so nie in sy geheel nie, dan tog grotendeels, sal verdwyn gedurende die volgende halfeeu. 'n Ander stelsel sal gevind word, wat nie diktatorskap sal wees nie. Daar is 'n skool van mening in die Westerse Wêreld—wat vinnig aangroei—wat moeg is vir die ou stelsel en wat regering deur die volk vir die volk verlang.”

POPPESEL TEEN

£1,000 PER JAAR

„Curious,” Johannesburg, skryf in die Cape Times dat die Parlement 'n marionettevertoning is waar poppe dans op bevel van toutjies wat getrek word. Hy skryf:

„Dit word berig dat 'n amp-tenaar van die Britse ministerie van buitelandse sake in antwoord op die vraag waarom die besluit om die kommunistiese bewind in China te erken nie geneem was na die Statebondskonferensie te Colombo nie, geantwoord het dat uitwisseling van menings tussen die Statebondslande reeds vroegtydig die standpunt van die verskillende regerings bekend gestel het.

„Dit is 'n treffende bevestiging van my mening dat alle belangrike besluite in die geheim geneem word en dat slegs onbeduidende sake vir bespreking in die parlement of op openbare konferensies vrygelaat word.

„Inderdaad, waarvoor bestaan die parlemente? Hulle word net kieskolleges om die regering te kies en as sodanig sal hulle wegkwyne net soos die kieskolleges in Amerika, wat die President moet kies, onbenullig geword het. Die skouspelagtige parlementêre vertoon mag nog vir 'n ruk behou word om die massas te mislei, maar dit sal ontaard het tot 'n marionettevertoning—tot 'n plek waar toutjies getrek word, waar poppe pronk en hul kunsmatige rolle speel teen 'n salaris van £1,000 per jaar omdat die publiek van hierdie soort vermaak hou.”


Duitsland Erger Verwoes As Japan

Volgens 'n onlangse verklaring van die Britse Minister van Binnelandse sake (mnr. Chuter Ede) is meer ongevalle veroorsaak deur die lugaanvalle op die Duitse stad Hamburg as wat die geval was met die atoombomaanvalle op Nagasaki. Die skade by Hamburg was gelyk aan die van twee atoombomme.

In sy boek „The Second World War” skryf generaal-majoor J. F. C. Fuller oor die aanvalle op Hamburg as volg op bladsy 228;


Gedurende die laaste week in Julie 1943 is die stad ses keer by nag en tweemaal by dag aangeval en 7,500 ton bomme neergewerp. Volgens die „Survey” is 55 tot 60 persent van die stad in puin gelê. 75 Tot 80 persent van hierdie verwoesting was as gevolg van brand; 12,5 vierkant myle is heeltemal uitgebrand; 30 vierkantmyl beskadig; 60,000 tot 100,000 mense gedood; 300,000 wooneenhede verwoes en 750,000 mense dakloos gelaat.

SM 4029



Rook
SPRINGBOK
Medium

DIE GELUKKIGE KEUSE



Loopbane
in die
Verskiet

Die deur tot kennis staan oop vir u seun en dogter. Dis waar, ja, die opleiding kos geld, maar SAAMBOU kan dit binne u bereik bring. Begin net vroegtydig om gereeld 'n bedraggie opsy te sit en let op watter rente bygevoeg word.

£1 per maand
verdien £67/3/4
rente in 16 jaar:

Indien u £1 per maand spaar, beloop u stortings £192 0s. 0d. en u rente £67 3s. 4d. in 16 jaar, bereken teen die huidige dividendkoers van ons Subskripsie- en Onbepaalde Termyn-aandele. Die totale bedrag is dan £259 3s. 4d., wat 'n radikale verskil kan maak in die toekomstige loopbaan van u seun of dogter. Die dividende op Subskripsie-aandele is belastingvry. Raadpleeg ons plaaslike verteenwoordigers of skryf om die boekie „Belê Veilig en Voordelig.”



SAAMBOU
(PERMANENTE)
BOUVERENIGING

Posbus 4180, Telefoon 2-8055, Kaapstad; Transvalia-gebou 240, Telefoon 2-2583, Pretoria. Verteenwoordigers in alle vername dorpe.

BATE OORSKRY ... £1,350,000

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:

Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BFK., Posbus 1411, Kaapstad.

GESERTIFISEERDE
GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkyr volledige pryslys van Premiers, P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn. 6-4TK

GRYSHARE

GRYSHARE, skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur GRYSHAAWONDER die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

MEDISYNE

GESONDHEID is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis. Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

Duisende is reeds van hulle kwale bevry. Talle vind daaglikas baat. Waarom sal u langer ly. Skryf dadelik, raadpleeg Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 3) 1/9/49

MARK AGENTE

Kamerade! Aandag! Stuur al u produkte aan U. S. Beltingan, Mark Agente, Uitenhage. Telegrafiese adres: „Blank S.A.” Foon 1063. As julle die dorp besoek kom gesels 'n bietjie. Dienswillig. 21/9/TK

MEUBELS

MEUBELS.—Beter meubels teen billiker pryse Babawaentiles, stoelkarretjies, driewiele, linoleums, tapete, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel.—VISSEK-MEUBELS, Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435

NEGER WIL NEGER BLY
Les Vir Gelykstellers

'n Jaar gelede het 'n Amerikaanse neger weens die een of ander velsiekte geleidelik wit begin word totdat hy uiteindelik as 'n blanke deurgestaan het. Verlede week het hierdie neger die volgende verklaring gedoen: „Ek bid elke nag dat die dokters daarin moet slaag om my weer swart te maak. Ek het oor die kleurlyn beweeg, en nou wil ek terug. Aanvanklik het dit my groot genot verskaf om in blanke hotelle te stap en in die kroeg met blanke meisies te gesels.

„Maar nou wil ek my kleur terug hê. Dit is nie dat ek nie van die witmense hou nie, maar ek is trots op my ras, en ek wil weer 'n ware neger wees.”

Hierdie voorval herinner aan 'n geval in Suid-Afrika 'n aantal jare gelede. Die naturel se vel het nou nie wit geword nie, maar hy het by 'n Engelse vrou gaan werk wat hom op 'n voet van volkome gelykheid behandel het. Hy het saam met die huismense aan dieselfde tafel geëet en binne in die huis in 'n kamer met wit oorgetrekte bed geslaap.

SOEK 'N SAK

So het dit geruime tyd voortgeduur totdat hierdie naturel een aand laat by sy vorige baas, 'n Afrikaner afkomstig van die platteland, aangekom het met die versoek dat hy hom in sy motorhuis op 'n sak moet laat slaap. Op die vraag wat dan skeel, aangesien hy so buitengewoon goed het by sy nuwe werkgeefster, het die naturel geantwoord:

„Baas die mense daar is vir

my baie goed, maar hulle het my soos 'n witmens behandel, en ek is so moeg daarvan dat ek nou weer kaffer wil wees. Gee my tog asseblief net 'n streep-sak om op die vloer van die motorhuis te gaan slaap.”

Hierdie voorvalle is 'n fingerwysing aan diegene in liberalistiese kringe wat meen dat die son van geluk op die naturel sal skyn sodra hy in blanke geleedere opgeneem sal word as 'n gelyke. Hulle vergeet dat daar, afgesien van kleur, 'n gaping van eeue tussen die swart—en die witman is wat nie in 'n tydperk van 'n paar jaar oorbrug kan word nie. Verder hou hulle nie rekening daarmee nie dat die mens as groepwese sy hoogste geluk alleen binne die groep kan vind wat die naaste aan hom verwant is. Belaaide tafels kon nog nooit die geestelike honger stil van mense wat in vreemdelingskap verkeer nie.

PETROLRANTSOENERING
EN DIE KWOTASTELSE

Mnr. A. L. de Jong, Robertson, skryf:

Petrolrantsoenering! Ek weet, en alle Bolanders weet, dat mense op Saterdag onnodig rondry omdat grotendeels slegs van Maandag tot Vrydag gewerk word. Vry algemeen is bekend dat die hele Kaapse Skiereiland op Sondag omring is van motorwiele, dat Bainskloof, Du Toitskloof, Viljoenspas en die buurt Hermanus en Somerset-Wes op Sondag wemel van motorkarre. Maar... is dit bekend in hoe verre die tonnement oor die Spoorweë, met die trajek Worcester, Ashton en Bonnievale as hoofpunte, aansienlik gedaal het weens partikuliere vervoer van drank, petrol en oliestowwe en hoeveel petrol daarmee verry word! Ek wil nie goederevervoer per motor in die ban doen nie, ek is net ten gunste van uitbreiding van nywerhede wat die platteland toekom. Onwillekeurig word ek herinner aan die kwotastelsel wat my gevoelig getref het en dat my nywerheid moes ly omdat 'n Stad, wat nie 'n pond vrugte produseer nie, noodsaaklike verpakkingsmateriaal aan plattelandse produ-seerders gelewer het. Die beleid van kwota raak wel op 'n end maar ons vervoerwese bevorder die behoud van nywerhede wat in die omstandighede in die hawestede nie tuis hoort nie.

SUID-AFIKA 'N
„SKANDE”

„Verontwaardig,” Bellville, skryf:

'n Arbeiderlid van die Britse Parlement, mnr. Tom Driberg, het onlangs Suid-Afrika beskryf as 'n „skande” vir die Britse Statebond.

Hierdie meneer is een van die oorsese deskundiges oor Suid-

Afrikaanse aangeleenthede en weet beter van ons huishoudelike sake as ons self. Op 'n vorige geleentheid het hy reeds aan die hand gegee dat die tyd nog sal aanbreek dat hulle dit nodig sal vind om 'n lid van die „Statebond-Klub” wat aanhou om die kleurslagboom te handhaaf, uit te skop.

Gaan maar voort mnr. Driberg, niemand hier sal u keer nie!

BEKENDE DUITSE
AKTEUR OORLEDE

„Bioskoop,” Kaapstad, skryf:

Emil Jannings, die 63-jarige Duitse rolprentakteur, is op 2 Januarie na 'n siekbed aan sy woning by Zinkenbach in Oostenryk, oorlede.

Jannings is waarskynlik vir die eerste keer in Suid-Afrika gesien in die stilprent „Anna Boleyn” waarin hy die rol van Koning Hendrik VIII van Engeland vertolk het. Dit was nog in die dae toe Duitse rolprente ook hier vertoon is. Daarna het gevolg, onder andere, die „Faust”-film wat die bekende Duitse rolprentmaatskappy Ufa voortgebring het. Tydens sy verblyf in die V.S.A. het die „Academy of Motion Picture Arts and Sciences” die eerste prys vir 1928 aan Jannings toegeken vir sy spel in die prente, „Way of All Flesh” en „The Last Command,” wat ook altwee hier by ons vertoon is. Terug in Duitsland, het hy weer vir Ufa gespeel o.a. met Marlene Dietrich in „Die Blou Engel.”

Hitler het aan hom die rang van Staatsakteur verleen. In 1939 het hy die Goethe-medalje vir kuns en wetenskappe verower.

Gedurende die Wêreldoorlog het hy die rol van pres. Paul

Soos Ons Lesers
Dit Sien

Kruger vertolk in „Oom Kruger,” 'n Duitse film oor die Anglo-Boere-oorlog. 'n Kopie van hierdie prent is glo in besit van ons Staatsargief.

V.P. SOEK
PARTYVOORDEEL

In die koerante van die Verenigde Nasionale Party verskyn 'n reeks artikels „wat die verhaal vertel van die roekelose poginge wat verlede jaar deur die Verenigde Party en veldm. Smuts aangewend is om sowel in die buiteland as in die binne-land vertroue in Suid-Afrika te verwoes.”

Die Burger skryf dat elkeen vandag weet dat hierdie poginge misluk het. Die blad verklaar dat twee gevolgtrekkings geregtig is. „Die eerste is dat die Nasionale regering, en die Nasionale regering alleen, die dank van die volk toekom vir die wyse waarop Suid-Afrika herstel het. Die tweede is dat Suid-Afrika met 'n opposisie sit wat bereid is om sonder gewetenswroeging die land in ellende te dompel as hy meen dat hy op so 'n manier partyvoordeel kan behaal.”

By sy eerste gevolgtrekking kon die blad gerus gevoeg het dat die besondere dank van die volk en van die „Nasionale regering” toekom aan die Minister van Finansies, want sonder mnr. Havenga, is dit twyfelagtig of die land ekonomies sou herstel het.

Die tweede gevolgtrekking van die blad is ongetwyfeld waar; die blad sal egter goed doen om te onthou dat drang na selfsugtige partyvoordeel gemeenskaplik is aan alle politieke partye.

ONS VRA U MEDEWERKING
Versoek aan ons Lesers

Ons vra hiermee die medewerking van elke leser van Die O.B. Die medewerking van elke man, vrou en kind. Ja, ook u medewerking!

Daar is nog honderde huisgesinne in Suid-Afrika wat graag elke week Die O.B. sal wil ontvang.

Wie is hulle?

Almal wat Republikein is.

Almal wat na ware Volkseenheid strewe.

Almal wat wil help om dringende staatkundige, ekonomiese en maatskaplike hervormings teweeg te bring.

Trouens, almal wat saam wil marsjeer na die bestemming van die Afrikanervolk.

Sal u nie as skakel dien tussen hulle en Die O.B. nie?

Wat moet u doen?

Knip meegaande intekenvorm uit. Vul die nuwe intekenaar se naam en adres daarop in. Kollekteer 12/6 van hom of haar. Pos intekenvorm en geld aan Die Sekretaris, Voorslag (Edms.) Bpk., Posbus 1411, Kaapstad. En die nuwe intekenaar sal die blad vir een jaar ontvang.

Sal u asseblief u medewerking verleen? Baie dankie.

Intekenvorm

Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B.” tot ek u in kennis stel om toesending te staak.

Hierby ingesluit vind u die bedrag van.....

.....vir die eerste.....maande.

NAAM.....
(Naam en Adres in Blokkletters)

POSADRES.....

Handtekening.

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.

Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

Boere Jeug

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 18 JANUARIE 1950

BOODSKAPPE VAN ONS OFFISIERS VIR 1950

Onderstaande is nog boodskappe van offisiere wat die laertrek by Monumentkoppie bygewoon het en wat in die laerblad, TENTPEN, verskyn het.

Vergun my om 'n paar woorde jies van dank namens myself en die Boerejeug van Paarl te rig aan ons Jeugleier en al die staf-offisiere wat hom so trou bygestaan het gedurende ons pas afgelope laertrek. Ons wil julle almal 'n baie geseënde Kersfees en gelukkige Nuwejaar toewens.

Komdte. M. C. Hofmeyr.

★


In diens van ons Boerejeug!

Ek voel as offisier my tekortkomings wel goed, tog probeer ons hulle te oorbrug, en daardeur is ons alreeds 'n trap vooruit op die pad om te volbring wat van ons geverg word.

Ons eerste en grootste roeping is dat ons moet dien sonder om 'n enkele beloning te verwag — dit moet by ons 'n tweede natuur word sodat ons nie anders kan handel nie.

Daarom moet dit vir ons 'n besondere voorreg wees om die goed wat in ons is, deur God daargestel, tot uiting te bring. So dring hierdie gesindheid deur tot almal in ons omgewing: eerstens ons eie huise, waar ons ons lig moet laat skyn en so liefde en vrede bring in die harte om ons. Maar laat ons strale dan ook verder uitbrei na ander oorde wat daarna smag. In alles, egter, is die belangrikste om te bid om die leiding van God in al ons doen en late.

(Get.) Komdte. E. F. W. Fuls.



Kamerade,

Ja, ook hierdie unieke laertrek van ons is vir altyd verby. Weer het die tyd aangebreek dat ons moet afskeid neem, nie alleen as laergangers nie, maar ook as vriende. Ons glo egter dat hierdie laer met al sy aangename herinnerings vir ons as spoorslag en inspirasie sal dien tot groter ywer en dade! Laat ons in die jaar wat volg altyd onthou: IN SAMEWERKING LE ONS KRAG! IN EENHEID ONS OORWINNING!

Aan die kamerade uit die Noorde en binneland vra ons: laat ons weet wanneer julle in die Suide is en ons verwag julle D.V. op Franschhoek in Desember 1950. Aan almal hartlik dank vir ALLES wat ons so geniet het — mag Kersfees vir u geseënd wees en slegs die beste vir 1950! Sterkte!

(Get.) Komdte. Jan du Toit.

★

„Lekker is net 'n vinger lank" het die oumense gesê, maar al was ons net 5 of 6 dae in die laer, beteken dit tog nie dat ons net soveel dae se genot daaruit gekry het nie. Hoe heerlik was die uitsien daarna nie al nie! En die herinneringe sal nóg aangenamer wees — nooit sal ons hierdie Monumentlaer vergeet nie, en hoe verder die werklikheid hoe soeter die herinnering.

Vir my sal die eerste assosiasie altyd wees: die „TENTPEN". Net die kamerade wat snags saam daaraan gewerk het, en saam gelag het vir dié wat die vaak nie meer kon onderdruk nie, sal dit ten volle begryp!

Namens myself en die B.J. van Wellington, my hartlike dank aan die Jeugleier, mede-offisiere, en al die Kamerade, en alleen die beste en mooiste wense vir die toekoms.

(Get.) L. Roos.

Robey Leibbrandt

Mnr. Robey Leibbrandt het te kenne gegee dat hy hom as onafhanklike in Suid-Wes verkiesbaar gaan stel vir die Unie-Parlement. Mnr. H. J. Klopper, L.V., en leier van die H.N.P. in Suid-Wes, sal teen alle verwagtings in, hom nie in Suid-Wes verkiesbaar stel nie.

VERJAARDAG-KETTING

DESEMBER

- 28 Jasper van der Linde, Bultfontein, O.V.S.
- Johan Calitz, Kirkwood.
- Fanie Koen, Oudtshoorn.
- 29 Albert Smith, Malmesbury.
- 30 Chris Burger, Paarl.
- Franssen Smuts, Franschhoek.
- 31 Josua Cohn, Luckhoff, O.V.S.
- Alwyn Burger, Brandvlei, K.P.
- Tobie Roux, Kirkwood.
- Tarina van Wyk, Matrooster, Tvl.

JANUARIE

- 1 Anna Fourie, Sutherland.
- Daniel Hugo, Rawsonville.
- Maria Wagener, Oudtshoorn.
- Helena Hugo, Franschhoek.
- 2 Johanna van Staden, Groot Marico, Tvl.
- 3 Ray Taylor, Frankfort, O.V.S.
- Johan Bester, Luckhoff, O.V.S.
- Manie Coertze, Vryburg.
- 4 Stefanus Nieuwoudt, Vryburg.
- 5 Pieter du Toit, Aliwal-Noord.
- 6 Johanna Aranges, Paarl.
- Jan Venter, Groot Marico, Tvl.
- Martha Smith, Middelburg, Tvl.
- 7 Elizabeth van der Linde, Bultfontein, O.V.S.
- 8 Bertie Grobbelaar, Wellington.
- Leonora Hanekom, Paarl.
- Stefanie Roux, Franschhoek.
- Anna Eloff, Matrooster.
- 9 Carina Baard, Moorreesburg.
- Koos Slabbert, Paarl.
- 10 Maria Willemse, Bultfontein, O.V.S.
- Fredrika Venter, Rustenburg.
- 11 Freda Kirsten, Wellington.
- Dawid Mostert, Agter-Paarl.
- 12 Hennie Jordaan, Paarl.
- Pierre Botha, Paarl.
- Heille van Rooy, Pretoria.
- 13 Daniel Erasmus.
- 14 Annelle Malan, Paarl.
- 15 Hester Roets, Rustenburg.
- 16 Marizanne de Kock, Stellenbosch.
- Wolfaardt van Zyl, Paarl.
- Maria Meintjes, Vaalkop, Tvl.

BRITTE WIL TASS VASTRAP

Die Britse Regering het 'n Kommissie benoem om ondersoek in te stel na die jongste set van die Russiese diplomate in Engeland en om aanbevelings te doen oor die kansellering van die set.

Die Russe het nl. 'n setrifikaat uitgereik aan die Tass-Nuusagentskap wat bekendmaak dat die Agentskap 'n Russiese Staatsdepartement is. Dit is gedoen om die Agentskap te vrywaar van lasteraksies in Britse Howe.

Die Britte beweer dat die Agentskap se leesstof wat hoofsaaklik gemik is teen Engeland, anti-kommunistiese lande en vooraanstaande anti-kommunistiese persone „gemeen en vuil" is en die Britte is tereg gebelg oor die poging om aan Tass-Agentskap diplomatieke immuniteit te verleen.

Bo: Boerejeug-dogters besig met opskop in die laerkombuis. Lansaan: 'n Groepie Boerejeugseuns en -dogters afgeneem voor die Vrou en Moeder beeld, tydens 'n besoek aan die Monument.

Hiervan En Daarvan

GROOT KAMPVUUR

Die Boerejeug van die Skiereiland en omgewing hou op 28 Januarie groot re-uniekampvuur om 7.45 nm. op KLOOFNEK, KAAPSTAD.

Elkeen moet 'n bekertjie saambring en almal wat musiek-instrumente besit moet dit saambring. Diegene wat nie weer dieselfde aand kan terugkeer huis-toe nie, moet Boerejeug, Posbus 3471, Kaapstad, voor 25 Januarie laat weet of hulle wil oorbly, sodat daar tente vir hulle opgeslaan kan word. Hulle moet net hulle eie kos en komberse saambring. So veel Boerejeug-lede as moontlik moet in hulle uniforms kom.

ALLE BOEREJEUG-LEDE, OUERS en VRIENDE word hartlik uitgenooi om hierdie kampvuur by te woon.

KIEKIES VAN MONUMENT-LAERTREK

Laergangers wat die laertrek by die Voortrekkermonument bygewoon het en kiekies geneem het, word ernstig versoek om hulle beste negatiewe aan Boerejeug-hoofkwartier te leen. Ons wil graag die bestes uitsoek en stelle daarvan laat afdruk, sodat laergangers wat nie kiekies het nie en ander maats wat graag daarvan wil bekom dit kan bestel van Boerejeug-hoofkwartier. Pos dit asseblief so gou as moontlik aan BOEREJEUGHOOFKWARTIER, Posbus 3471, KAAPSTAD.

BETREKKINGE MET SPANJE

'n Segsman van die Amerikaanse Regering het in Washington verklaar dat 'n beleidsverandering ten aansien van Spanje oorweeg word. Die Amerikaanse Regering verlang dat die diplomatieke boikot van Spanje opgehef word.

Die V.S.A. is bereid om 'n gesant na Spanje te stuur indien die meerderheid van die lede van die V.V.O. dieselfde sal doen.



Van Die Redaksie

Beste Boerejeug-maats,

Ons het nog nie weer van julle briewe ontvang nie, dus het ons besluit om maar self so 'n kort briefie aan julle te skryf. Eers moet ons verskoning maak dat die Briewe-kolom en die Verjaardag-ketting verlede jaar, nie so gereeld verskyn het nie. Somtyds was daar ook maar net 'n stukkies Boerejeug. Daar was egter so baie werk in verband met die laertrek by die monument, dat daar bykans geen tyd oor was om behoorlik aandag aan ons blad te skenk nie.

Nou staan ons al weer 'n hele ent in die nuwe jaar. Al is dit nou al 'n bietjie laat, wens ons al ons maatjies 'n baie voorspoedige jaar toe. Ons vertrou dat almal, wanneer die skole weer begin, sommer dadelik skouer aan die wiel gaan sit en hard gaan werk in 1950, ook vir die Boerejeug. Diegene wat nie so gelukkig was in hulle finale eksamens nie moet ook weer met net soveel moed en ywer begin as die ander. Hulle wat geslaag het, wens ons hartlik geluk.

Die Redaksie hoop dat ons almal baie lekker gaan saamwerk in hierdie jaar en dat ons elke week sommer baie nuus, briefies ens. gaan ontvang. Onthou dit is julle blad.

Daar is ook sommer nog 'n hele klomp maats wat nog nie hulle kentekens gekry het nadat hulle die vompies wat verlede jaar in DIE BOEREJEUG verskyn het, ingestuur het nie. Ons sal so gou as moontlik probeer om dit te pos. Julle moet maar net 'n bietjie geduld gebruik, hoor.

Hartlike Boerejeug-groete,
REDAKSIE.

Dr. Stals Antwoord

Ten antwoord aan die Advieserende Kleurlingraad wat bedank het, het dr. A. J. Stals, Minister van Volkswelsyn, 'n verklaring uitgereik waarin hy o.m. sê: „Ek wil persoonlik, ook namens die Regering, hier byvoeg dat ons onderneminge jens die kleurlingbevolking nie beïnvloed sal word deur die meerderheidsbesluit — nie. Ons gee daaraan uitvoering in die gees van Christelike voogdyskap.”

Links bo: 'n Deel van die Boerejeug-trein waarmee die Boerejeug van die Skiereiland en omgewing na Pretoria gereis het. Hierdie foto is kort voor Johannesburg geneem.

Links: Laergangers wag hier op Lyttelton-stasie op vervoer na die laer.

Regs: Laerinspeksie in die Boerejeug-laer.



Finansiële Kapitalisme Gaan Regering Verongeluk

Daar is in Londen aangekondig dat die Britse algemene verkiesing op Donderdag, 23 Februarie sal plaasvind. Op Woensdag, 1 Maart sal die nuwe regering die bewind oorneem.

Na verwagting sal die verkiesing een van die bitterste politieke botsings in die verkiesingsgeskiedenis van Brittanje wees.

Die stryd sal hoofsaaklik gevoer word deur die Arbeidersparty en die Konserwatiewe Party. Die Arbeiders belooft meer beheer en meer nasionalisasie terwyl die Konserwatiewe geen nasionalisasie—selfs denasionalisasie—en minder beheer voorstaan.

Daar is 34,500,000 kiesers wat geregtig is om te stem. Die huidige stand van die partye: Arbeiders, 390; Konserwatiewe, 194; Ander, 56.

LONE BEVRIES

Die Arbeidersregering se voorgenome beleid om lone op die bestaande peil te bevries het Brittanje se agt miljoen vakbondlede in twee kampe verdeel. In 'n stemming oor die saak het 4,263,000 werkers ten gunste daarvan gestem en 3,606,000 werkers daarteen. Hierdie sterk teenstand teen die regering se plan op die voorraand van die verkiesing het beroering gebring in die geledere van die Arbeidersparty. Die regering sal graag wil afsien van die plan, maar daarteenoor geld die werklikheid dat die land se ekonomiese hoegenaamd geen loonsverhoging kan verdra nie.

MISLUKKING

Sir Oswald Moseley se blad „Union” gee die volgende interessante rede vir die mislukking van die Arbeidersparty se beleid in Brittanje:

„Dit is omdat die Arbeiders vasgekleef het aan die uitgediende en verouderde Marxistiese leer.

„Die wese van sukses in politiek, net soos in oorlog, is om uit te vind waar die vyand se krag lê en dan daarop toe te spits en sy vesting van mag te vernietig. Die Geallieerdes het in 1940 die nederlaag in Vlaanderen gely omdat hulle hul aanval toegespits het op die voetvolk van die vyand terwyl hulle sy onafhanklike pantsermag wat deur die linie gebreek het, veronagsaam het. Die Arbeidersparty het dieselfde fout begaan deur die industriële kapitalisme in Brittanje te beveig terwyl hy die finansiële kapitalisme in New York verontagsaam het, met die gevolg dat hy nou sy ekonomiese Duinkerker tegemoet gaan.

VEROUDERD

„Waarom het die Arbeidersregering hierdie kolossale flater begaan? Omdat hy blindelings vasgekleef het aan die Marxistiese leer wat reeds 'n eeu agter sy tyd is. Honderd jaar gelede het nywerheidskapitalisme onder die aanvoering van hardvorige base arbeid in ons land uitgebuit in die mees beskermende toestande, met 'n werkdag van twaalf ure vir mans, vroue en selfs kinders. Marxisme was die onvermydelike revolusionêre kreet om die werkers op te roep tot die stryd teen hierdie slawerny. Inderdaad is hierdie toestande verbeter en uitbuitende nywerheidsbase aan bande gelê deur die evolusie van die Britse vakbondbeweging sonder die hulp van Karl Marx of van sy Kommuniste.

GELDSKIETER

„Die stryd teen die uitbuiting van die nywerheidsbase is grotendeels klaar gewen, nie deur die partypolitiek nie, maar deur die vakbonde op nywerheidsgebied. Maar intussen het 'n

nuwe, meer beweeglike en gevaarlike vyand verskyn wat vir Karl Marx onbekend was. Hy is nóg werkgewer nóg werknemer; hy produseer nie met sy hande of sy verstand nie. Hy is die almagtige en alomteenwoordige finansier en geldskietster van ons tyd wat slegs op gevaar van algehele onderwerping aan sy geldmag veronagsaam kan word. Dit is hy wat ons huidige Arbeidersleiers katswink geslaan het met sy dollarsurplus sodat hulle nou aansteier na hul nederlaag in die komende verkiesing.

„Hier is die nuwe vyand wat 'n subtiële, onsigbare en naamlose mag uitoefen wat regerings kan vernietig, bondels ondraagbare skuldlaste op die rug van volkere kan laai en daarna goedkoop koelie-arbeid van die

uithoeke van die aarde af in mededinging teen hulle mobiliseer. Marx het hom nie geken nie, en nogtans soek die Arbeidersparty besieling by Marx, en beskou hulle die mak nyweraar nog steeds as die vyand ondanks sy nimmereindigende stryd om kop bo water te hou te midde van die eise van die geldskietsters aan die een kant en dié van die vakbonde aan die ander kant.”

Die blad gaan dan voort deur daarop te wys dat Moseley hierdie nuwe vyand reeds sedert die finansiële krisis van 1931 aangewys het as die mag wat beveg moet word en die wapen waarmee dit gedoen moet word is produksie van die hand sowel as die verstand, die ontsluiting van die natuurlike rykdomme van die aarde met behulp van tegniek en wetenskap.

Verkiesing In Brittanje

Miljoene Slawe

Ontsettende syfers is onlangs verstrekt deur die Wes-Duitse ministerie van vlugtelingsake.

Daar is nog 400,000 Duitse krygsgevangenes in Rusland. Daar word 175,000 Duitse vroue in Rusland aangehou.

Daar is tussen 1,500,000 en 1,700,000 lede van die Duitse weermag waarvan geen rekening gegee kan word nie.

Daar is nog 3,000,000 Duitsers agter die Ystergordyn in Tjecho-Slowakye, Hongarye en Roemenië, wat die Russe weier om vry te laat.

En dan is Rusland voor op die wa in die V.V.O. om Suid-Afrika en ander Westerse moondhede aan te val oor die „verslawing van die koloniale volke.”

KOSTE VAN KONINGSKAP

Die koningskap het die skatkis van Brittanje verlede jaar die som van £931,503 gekos. Hiervan is £511,715 uitbetaal aan toelae vir die koninklike familie en £419,788 vir die instandhouding van die koninklike huishoudings.

Die Koning het 'n toelaag van £350,715 ontvang. Die toelaes van ander lede van die familie was: Koningin Mary: £70,000; Prinses Elizabeth: £40,000; die Hertog van Edinburgh: £10,000; die Hertog van Gloucester: £35,000; en Prinses Margaret: £6,000.

Hierdie bedrae het uit die Britse skatkis gekom. Maar dis nie al inkomste van die koninklike familie nie. Die bedrag van die Koning se private fortuin is 'n staatsgeheim. Dit word egter vermoed dat die bedrag etlike miljoene ponde bedra. Dan besit die Koning ook nog private landgoedere, wat opgedeel is in klein plasies wat verhuur word.

Dit strek tot eer van die huidige koning dat hy beslis goedkoop lewe in vergelyking met sommige van sy voorgangers.

„DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Bepark, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Bepark, Grootte Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

VADERLAND TIK MENSE OP DIE VINGERS WAT HULLE VERBRAND HET

In 'n hoofartikel rig Die Vaderland 'n waarskuwing aan diegene „wat vandag voel dat hulle hul vingers verbrand het met die kleurling en sy parlementêre verteenwoordiging” om „die aangeleentheid te laat by die ooreenkoms waartoe die leiers dit gebring het.”

Die blad skryf na aanleiding van mnr. Havenga se besoek aan sy kiesafdeling en het waarskynlik in gedagte die talle berigte en briewe in H.N.P.-koerante wat „teleurstelling” uitspreek oor mnr. Havenga en die Afrikanerparty se houding.

„'n Mate van emosionalisme wat betref die nie-blanke en sy stem is te verstaan,” skryf die blad. „Daarom durf ons egter nog nie die leiers uit die hande van die rede neem nie.

VINGERS VERBRAND

„Ons weet ook dat dit ses-entwintig lange jare geneem het om alleen maar die beginsel van segregasie erken te kry. Hierna spreek dit vanself dat die toepassing daarvan end-uit nie oornag gaan geskied nie. Natuurlik is daar mense wat vandag voel dat hulle hul vingers verbrand het met die kleurling en sy Parlementêre verteenwoordiging. Sulke dinge gebeur! Maar as hulle wys is, gaan hulle teenoor hierdie klein seerplekkie stel groot en tasbare vordering wat daar reeds gemaak is op die weg wat hulle bewandel; en hierby is die her-

lewing van die vasberadenheid om die segregasie-wetgewing van 1936 tot die praktyk deur te voer alles-oorheersend. Dit mag hulle vandag dank aan die samewerking met mnr. Havenga.

WERELDMENING

„Maar nou moet daar rekening gehou word met praktiese moeilikhede. Hierdie moeilikhede is van 'n omvang wat nie al-dag behoorlik besef word nie. Dit gaan vandag oor die geur waarin Suid-Afrika by die buiteland staan. Hierdie geur word bepaal deur wat min. Havenga by die Monument genoem het „die krag van die konstitusie.” In kleur-aangeleenthede erg ons ons bitter aan die V.V.-houding, en heeltemal tereg ook. Maar daarom mag ons ons nog nie veroorloof om die wêreldmening in die wind te slaan nie.

GROTER DINGE

„Laat ons dan onthou dat takt en oorleg hoër prioriteit verg in 'n wêreld so bewus gemaak van „die mens en sy regte” soos die V.V. dit gemaak het. Dit is maklik genoeg om 'n plattelandse gehoor gaande te maak oor die vraag of die kleurling drie dan wel vier L.V.'s moet kry, maar daar is oneindig groter dinge op die spel. Dit het ons leiers besef en, in die volle bewustheid van al die implikasies van die netelike vraagstuk, besluit om wetgewing vireers te laat ontstaan.

Werkloosheid

Mnr. R. W. Blake, voorsitter van die Winkelwerkersvakbond, het op die jaarkongres van die vakbond gesê, dat dit nou bo alle twyfel duidelik is dat 'n mate van werkloosheid in die komende maande gaan intree in die handel. Hy het gesê dat die lewenskoste nog steeds styg en dat devaluasie eenvoudig die laste van die werker vermeerder het.

GESELLIGE BYEENKOMS IN COLOMBO

Mnr. Ward Price, die bekende en vooraanstaande Engelse joernalis, is hoegenaamd nie beïndruk deur die Colombo - konferensie nie. Heeltemal die teen-deel.

Hy beskryf die konferensie as 'n „aangename, gesellige byeenkoms” waar ministers ou vriendskappe kon hernu en nuwes kon aangaan en waar hulle gemoedelik gedagtes kon wissel. Geen gemeenskaplike beleid het tevoorskyn gekom nie en daar sal ook geen konkrete beslissings geneem word nie.

SAMESPREKING

Daar sal nie geskiedenis gemaak word op die Colombo-konferensie nie! Trouens, die vleidendste kommentaar wat oor

die konferensie gelewer kan word is dat dit nog 'n keer bewys het dat samespreking voordeliger is as briewewisseling. Na 'n week se samesprekings het elkeen van die Statebondslande se regerings ongetwyfeld 'n helderder begrip van die ander, ledelende se standpunt as voorheen.

Hy sê dat die besprekings oor die Japanese Vredesverdrag, in afwesigheid van die Verenigde State van Amerika, herinner aan 'n man wat sonder 'n bruid wil trou.

TWEE SAKE

Mnr. Paul Sauer, Minister van Vervoer, wat Suid-Afrika op die konferensie verteenwoordig, het gesê dat Suid-Afrika se belangstelling in die Japanse Vredesverdrag beperk is tot twee sake: om Japanese immigrante en goedkoop Japanse artikels uit Suid-Afrika te hou.

Plaaslike Volksaksie Deur Partypolitiek Bedreig

Partypolitiek is besig om die Afrikanerfront in Bloemfontein, waarmee die Engelse oorheersing in die Vrystaatse hoofstad na 'n taai stryd verbreek is, tans te bedreig, na vernem word.

Die Aksiekomitee wat 'n aantal jare gelede gestig is met die doel om die Afrikaner tot sy reg te laat kom in 'n stad waar hy die meerderheid het, is by sy stigting so ver moontlik buite die partypolitiek gehou. In latere jare het die neiging by sommige van sy lede ontwikkel om 'n bepaalde politieke party

se ondersteuners te bevorder.

Die gevolg is dat een van die stigters van die komitee, mnr. J. G. Benade, die uiters gewilde voormalige burgemeester van Bloemfontein, onlangs uit die komitee bedank het. Mnr. Benade het in 'n verklaring wat hy uitgereik het gesê dat partypolitiek in stadsbesture heeltemal misplaas is.

IN DIE NOORDE

Hierdie neiging wat in Bloemfontein ontwikkel, herinner ook aan wat in die noorde aan die gang is.

In Pretoria het die nie-partypolitieke Federasie die Afrikanerstryd met welslae gevoer, maar in die afgelope paar jaar

is sy oorwinnings telekemaal in die H.N.P.-hoed gespelde in die pers waar nooit nagelaat is om te meld dat die Federasie „met die H.N.P. geassosieer word” in teenstelling met die Civil League wat met die V.P. geassosieer sou wees. Hierdie assosiasie van die H.N.P. met die Federasie het baie daartoe bygedra dat die jongste verkiesing teleurstellend vir die Afrikaners was, en dit het op sy beurt aanleiding daartoe gegee dat die H.N.P.-pers geëis het dat die H.N.P. die verkiesings in Pretoria moet oorneem.

So is die partypolitiek besig om stelselmatig alle volksaksie vir homself op te eis en daarmee alles te vernietig wat oor jare opgebou is.